Stellenbosch UNIVERSITY IYUNIVESITHI UNIVERSITEIT

Language Centre | IZiko leeLwimi | Taalsentrum

Michelle Pieters
michellep@sun.ac.za
+27 (0)21 808 2812 | +27 (0)72 207 0366

Communication Lab | ILebhu yoNxibelelwano | Kommunikasielab

Vormontwerp vir die bedryf

'n Sertifikaat van bevoegdheid-kortkursus

Gee jou vorms vir jou die regte resultate? In hierdie praktiese kursus gaan ons vorms wat in alledaagse gebruik is, ontleed, toets en verbeter en só jou vaardighede in vormontwerp opskerp.

Waarop fokus hierdie kursus?

Hierdie kursus is prakties en interaktief met hedendaagse vorms wat geanaliseer, getoets en uiteindelik, na aanleiding van wat die toetsing uitwys, verbeter word. Met behulp van hierdie kursus sal jy:

- vorms kan skep wat 'n goeie balans handhaaf tussen inhoud en visuele ontwerp om inligting akkuraat oor te dra
- 'n goeie begrip hê van navorsingsbevindings oor algemene probleme in vormontwerp, wat jou sal toerus om ingeligte besluite te neem wanneer jy vorms ontwerp.

Wie is die aanbieder?

Prof Carel Jansen is 'n emeritusprofessor in Kommunikasie- en Inligtingstudie aan die Universiteit van Groningen se Fakulteit Lettere in Nederland. Hy is ook 'n US Taalsentrum-navorsingsgenoot. Lees meer oor hom hier.

Wie kan dit bywoon en watter loopbaanvoordele hou dit in?

Indien jy vorms moet skep, ontwikkel of aanpas, dan is hierdie kursus vir jou! Jy het geen voorafgaande ondervinding of kennis van vormontwerp nodig om hierdie kursus by te woon nie. Jy sal met jou eie vorms werk, of met enige ander vorms wat verbetering nodig het.

Ons beperk die aantal deelnemers om optimale leer te verseker. Die kontaksessies word deur 'n aanlyn komponent aangevul, en sekere aspekte van die kursus word geassesseer.

Waar en wanneer vind dit plaas?

Ons hibriede kursus kombineer regstreekse aanlyn sessies, wat deur die aanbieder gefasiliteer word, en aanlyn leer wat jy op eie stoom doen.

Hierdie kursus open voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind en sluit lank ná die laaste regstreekse aanlyn sessie. Dit gee jou genoeg tyd om jou SUNOnline teenwoordigheid te aktiveer voordat die eerste regstreekse aanlyn sessie plaasvind.

	Regstreekse aanlyn sessies (10:00 tot 12:00)	**Duur van die kursus** (openings- en sluitingsdatums)	**Skryf in voor**
Kursus 1:	Kontak die kursuskoördineerder vir meer inligting.		

Tydens die kursus sal jy jou tyd as volg spandeer:

- twee ure per week op 'n regstreekse aanlyn sessie
- ±agt ure per week op leeswerk, of om take of vasvra-take, aktiwiteite en opdragte op eie stoom te voltooi

Wat kos dit?

Die kortkursusfooi is R5 346 per deelnemer, wat kursusmateriaal, assesserings, regstreekse aanlyn sessies met jou aanbieder en toegang tot die aanlyn platforms insluit.

Alle kursusfooie moet asseblief vóór die begin van die kursus betaal wees. Let ook daarop dat ons hierdie kursus net sal aanbied wanneer 'n minimum van agt kandidate wat klaar betaal het, bywoning bevestig.

Klik hier en voltooi die vorm indien jy belangstel om hierdie kursus by te woon. **Ons sal jou kontak met die skakel om in te skryf.**

Enige verdere vrae?

Skakel met Michelle Pieters vir meer besonderhede by michellep@sun.ac.za of 021 808 2812.

Jy kan ook jou spesifieke kortkursus- en ontwikkelingsbehoeftes met ons bespreek. Doen gerus navraag oor beskikbare kortkursusse, datums en die moontlikheid van pasgemaakte kursusse.